

# Vrydag 24 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14

Fokusgedeelte: Openbaring 14

## Wie is die Here Jesus ons Verlosser?

Ons Middelaar is Jesus Christus (Joh. 1:14). Hy word die Seun van die mens en Seun van God genoem (Dan. 7:13). Hy word God se eniggebore Seun genoem, omdat Hy die ewige natuurlike Seun van God is: Hy is as 'n natuurlike mens gebore.

Ons Here Jesus word deur die werk van die Heilige Gees 'n mens. Ons weet nie hoe nie. Dis 'n Goddelike misterie. Jesus is waaragtig God en waaragtig mens. Hy is God uit God. Hy het twee nature: 'n Goddelike natuur en 'n menslike natuur. Jesus se Goddelike natuur kry Hy van God die Vader deur die werking van die Heilige Gees. Die menslike natuur van Christus kry Hy deur die ontvangenis en geboorte uit Maria. Maria het nie moeder geword langs die weg van huweliksomgang nie. Deur Maria het Jesus presies dieselfde natuur as ons.

Jesus en die Vader is van die begin af Een (Joh. 1). Jesus was dus van die begin af daarvan bewus dat Hy God is (Luk. 2:49). Hy het nie eers later, byvoorbeeld by sy doop, daarvan bewus geword nie. By sy doop ontvang Hy slegs die seël van sy roeping.

Elke keer wanneer Jesus die term *Seun van die mens* gebruik, praat Hy van sy lyde. Die term Seun van God word elke keer gebruik om Jesus se oorwinning oor die dood en die duiwel aan te dui. Dit teken Jesus in sy Goddelikheid. Dit is ook wat dit beteken as Petrus teenoor Jesus bely: "*U is die Seun van die lewende God*" (Matt. 16:18).

Die vleeswording van Jesus is 'n daad van goedheid, nie van vernedering nie. Die Here sê self in Genesis dat Hy die mens goed geskape het. Die vernedering bestaan wel daarin dat Jesus tussen sondaars en die gevolge van hulle sondes lewe.

Die Middelaar moes aan die volgende vereistes voldoen om waarlik Verlosser te kon wees: Hy moes waaragtig mens wees, want dis mense wat sondig (HK, vr. 14a). Hy moes 'n regverdige mens wees, sodat Hy nie nodig gehad het om vir sy eie sondes straf te ondergaan nie (HK, vr. 13, 14, 16b). Hy moes God en mens wees in een persoon, anders sou Hy nie God se straf oor die mense se sondes kon dra nie (HK, vr. 15).

*Sing: Skrifberyming 2-4:2, 3*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*